

15 Februarie

Skrifgedeelte: Handeling 1:1-11
Fokusgedeelte: Handeling 1:9-11
HK, Vraag 46

Jesus se hemelvaart: die feite

Mense wat redeneer dat die hemelvaart van Jesus 'n versinsel is, of dalk 'n visioen, hou nie rekening met die feite nie. Ons kan die feite kortliks soos volg saamvat: Daar was ooggetuies, Jesus is ons Voorspraak by die Vader en Hy kom weer.

Die hemelvaart het – hoe skokkend dit ook al vir die dissipels was – werklik plaasgevind. Hieroor bestaan daar geen twyfel nie, want hulle was teenwoordig op die Olyfberg. Met hulle eie oë het hulle dit gesien. Hulle was verslae en het stip na die hemel gekyk totdat die twee mans in wit klere aan hulle verskyn het en vir hulle gesê het dat dié Jesus wat opgevaar het weer sal terugkom. Deel van hulle verslaenheid moet gewees het dat hulle geskok was dat dit waarop Hy hulle voorberei het werklik gebeur het. Hulle Jesus was nou weg!

Die troos is dat dit tot hulle voordeel was en vir ons ten goede is dat Hy in die hemel is. Hy bid vir ons; Hy tree vir ons in by die Vader. As ons voorspraak by die Vader skitter sy Middelaarskap soos 'n helder diamant. Ons het 'n Middelaar wat ware God en mens is, wat aan die regterhand van die Vader sit en wat oor alle mag in hemel en op die aarde beskik. Hy is God se eniggebore Seun! Wie kan ons belange beter behartig as juis Hy? Hy ken die Vader in die hemel en Hy ken ons met al ons swakhede.

Hierdie Middelaar, ons Here Jesus, kom weer, soos wat ons in vers 11 verseker word: “Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom ...” Steeds wag die kerk op hierdie terugkeer wanneer Hy as regter sal kom om te oordeel. Wees gereed daarvoor en leef elke dag die lewe van die nuwe mens en bid dat dit gou mag wees.

Ds. Pieter J van der Walt (Bethlehem)

~~~~~